RAADSKENNISGEWING 140 VAN 2008

DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR DIE BOUREKENAARSPROFESSIE

WYSIGING VAN PROFESSIONELE GELDETARIEF
WET OP DIE BOUREKENAARSPROFESSIE, 2000 (WET 49 VAN 2000)

Kragtens artikel 34 (2) van die Wet op die Bourekenaarsprofessie, 2000 (Wet 49 van 2000), maak die Suid-Afrikaanse Raad vir die Bourekenaarsprofessie hiermee bekend dat die Raad gewysigde professionele riglyngelde soos in die Bylae hieronder uiteengesit, bepaal het

Die gewysigde riglyngelde soos in die Bylae hieronder vervat, sal op 1 Januarie 2009 in werking tree

Goewermentskennisgewing No. R. 1350 van 15 Desember 2000, Raadskennisgewing 7 van 2003 van 31 Januarie 2003, Raadskennisgewing 117 van 2004 van 3 Desember 2004 en Raadskennisgewing 131 van 2006 van 1 Desember 2006 word hiermee ingetrek

2009 PROFESSIONELE GELDETARIEF

BYLAE

AANBEVOLE PROFESSIONELE GELDETARIEF TEN OPSIGTE VAN DIENSTE WAT DEUR 'N BOUREKENAAR IN PRIVAATPRAKTYK GELEWER WORD

1.0 ALGEMEEN

1.1 Waar woorde en sinsnedes in swaardruk in die teks van hierdie Professionele Geldetarief verskyn, sal dit die betekenis wat in klousule 10.0 daaraan toegewys is, dra en waar sodanige woorde en sinsnedes nie in swaardruk verskyn nie, sal dit die betekenis wat uit die samehang blyk, dra

1.2 Alle gelde en vorderings in hierdie Professionele Geldetarief uiteengesit, sluit **BTW** uit

1.3 Elke kategorie (klousules 2.3 tot 2.6) moet die proporsionele waarde van voorbereidsels en die proporsionele bedrag van aanpassing ingevolge enige toepaslike kontrakprysaanpassingsbepaling insluit, afgesien daarvan of sodanige waarde of aanpassing van toepassing op enige kategorie is, al dan nie

2.0 BOUWERK, INGENIEURSWERK, BESTUURSDIENSTE EN AANVULLENDE DIENSTE

2.1 **Algemeen**

Die **gelde** sal die **basiese gelde** (klousule 2.2) vermenigvuldig met die **toepaslike persentasie** (klousules 2.3 tot 2.6) wees en sal toegedeel word soos in die toedeling van gelde aan dienste uiteengesit (klousule 2.7), met dien verstande dat:

2.1.1 Die **basiese gelde**, in die geval van bouwerk en ingenieurswerk, op die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** bereken sal word en in die geval van bestuursdienste en aanvullende dienste, op die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes**, maar sonder toepassing van die uitsluitings ingevolge klousule 10.47.10

2.1.2 Waar ’n enkele kontrak kategorieë van werk behels wat deur meer as een **toepaslike persentasie** gedek word, sal die **basiese gelde** aan elk van sodanige kategorieë van werk toegedeel word alvorens die onderskeie toedelings met die voorgeskrewe **toepaslike persentasie** vermenigvuldig word

2.1.3 Waar, in die geval van **herhaling**, kleinere verskille en werk voorlopig gemeet afsonderlik in die finale rekening verstel word, sal die waarde van **gemete werk** van beide weglatings en byvoegings ten opsigte van sodanige aanpassings by die waarde van nie-herhalingswerk vir doeleindes van die berekening van **gelde** gevoeg word

2.2 **Basiese gelde**

Waarde vir geldeberekeningsdoeleindes	**Basiese gelde**	
	Primêre vordering	Grenskoers
1	2	3
Tot en met R 1 000 000	R 11 000	6,40 % op die balans oor R 0
R 1 000 000 – R 2 000 000	R 75 000	6,10 % op die balans oor R 1 000 000
R 2 000 000 – R 4 000 000	R 136 000	6,00 % op die balans oor R 2 000 000
R 4 000 000 – R 8 000 000	R 256 000	5,40 % op die balans oor R 4 000 000
R 8 000 000 – R 16 000 000	R 472 000	5,06 % op die balans oor R 8 000 000
R 16 000 000 – R 32 000 000	R 876 800	4,47 % op die balans oor R 16 000 000
R 32 000 000 – R 64 000 000	R 1 592 000	4,00 % op die balans oor R 32 000 000
R 64 000 000 – R 128 000 000	R 2 872 000	3,90 % op die balans oor R 64 000 000
R 128 000 000 – R 256 000 000	R 5 368 000	3,10 % op die balans oor R 128 000 000
R 256 000 000 – R 500 000 000	R 9 336 000	3,00 % op die balans oor R 256 000 000
R 500 000 000 – R 1 500 000 000	R 16 656 000	2,65 % op die balans oor R 500 000 000
R 1 500 000 000 – R 3 000 000 000	R 43 156 000	2,35 % op die balans oor R 1 500 000 000
R 3 000 000 000 en meer	R 78 406 000	1,85 % op die balans oor R 3 000 000 000

2.3 **Toepaslike persentasie vir bouwerk**

Nota: Uitsluitings ingevolge klousule 10.47.10 is van toepassing in die bepaling van die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes**

Kategorie	**Toepaslike persentasie**					
	*Kontrakte met **hoeveel-heidslyste**	*Kontrakte met **vereen-voudigde hoeveel-heidslyste**	Kontrakte sonder **hoeveel-heidslyste**	**Bouers-hoeveelhede**	**Betalings-waardasies**	**Kosteplus-**kontrakte
1	2	3	4	5	6	7
Verbouingswerk …….	125	100	75	25	15	70
Bouwerk ……	100	75	75	20	15	70
Opknappingswerk ……..	160	150	75	50	15	70
Herhaling:						
Prototipes en ander nie-herhalingswerk …….	Pas betrokke **toepaslike persentasie** toe					nvt
Herhaling(s) van prototipe ……	60% van betrokke **toepaslike persentasie**					nvt
Veelvuldige verkry-gingskontrakte:						
Hoofaannemer aange-stel ..……...	Vermeerder die gelde met 10%			nvt	nvt	nvt
Geen hoofaannemer aangestel nie ..……..	Vermeerder die gelde met 20%			nvt	nvt	nvt

*Sluit kontrakte met voorlopige hoeveelheidslyste of skedule van tariewe in

2.4 **Toepaslike persentasie vir ingenieurswerk**

Nota: Uitsluitings ingevolge klousule 10.47.9 is van toepassing in die bepaling van die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes**

Kategorie	**Toepaslike persentasie**			
	*Kontrakte met **ingenieurs-hoeveel-heidslyste**	Kontrakte sonder **ingenieurs-hoeveel-heidslyste**	**Betalings-waardasies**	**Kosteplus-**kontrakte
1	2	3	4	5
Siviele ingenieurswerk: Kategorie I ….....	55	45	15	55
Siviele ingenieurswerk: Kategorie II ……	70	45	15	55
Elektriese ingenieurswerk ..…….……	65	45	15	55
Meganiese ingenieurswerk ..…….……	65	45	15	55
Prosesingenieurswerk:				
Met gebruikmaking van gedetaileerde isometriese tekeninge …….	55	45	15	55
Met gebruikmaking van algemene uitlegtekeninge …….	100	45	15	55
Herhaling:				
Prototipes en ander nie-herhalingswerk …	Pas betrokke **toepaslike persentasie** toe			nvt
Herhaling(s) van prototipe ..……..	60% van betrokke **toepaslike persentasie**			nvt

*Sluit kontrakte met voorlopige hoeveelheidslyste of skedule van tariewe in

2.5 **Toepaslike persentasie vir bestuursdienste**

Nota: Uitsluitings ingevolge klousule 10.47.10 is nie van toepassing in die bepaling van die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** nie

Kategorie	**Toepaslike persentasie**	
	Bouwerk	**Ingenieurswerk**
1	2	3
Hoofagentskap	35	32,5
Hoofkonsultantskap	25	22,5
Projekmonitering	25	22,5
Gehalte-inspeksie	15	15

2.6 **Toepaslike persentasie vir aanvullende dienste**

Nota: Uitsluitings ingevolge klousule 10.47.10 is nie van toepassing in die bepaling van die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** nie

Kategorie	**Toepaslike persentasie**
1	2
Kostenorme	7
Hoeveelheidslyste met liggingsverwysings	Onderhandel
Skedule van materiale vir **bouwerk** waarvoor die bourekenaar nie **hoeveelheidslyste** opgestel het nie	120 (op die totale waarde van sodanige materiale bereken)
Teikenverkryging	7
Waardasies vir belastingaanslag, brandskadeversekering, onteiening, huuropbrengs en soortgelyke doeleindes gebaseer op:	Tydvordering waar waarde minder as R10 000 000 is
Tarief per oppervlakeenheidmetode met geskikte tekeninge	1
Tarief per oppervlakeenheidmetode met ter plaatse opmetings	1,75
Elementale metode met geskikte tekeninge	2
Elementale metode met ter plaatse opmetings	3,5

2.7 **Toedeling van gelde aan stadiums**

Kategorie	Persentasie van **gelde**					
	Stadium 1 Aanvang	**Stadium 2** Konsep en lewensvatbaar-heid	**Stadium 3** Ontwerp-ontwikkeling	**Stadium 4** Dokumentasie en verkryging	**Stadium 5** Konstruksie	**Stadium 6** Afhandeling
1	2	3	4	5	6	7
Hoeveelheidslys- en **ingenieurs-hoeveelheidslys**kontrakte:						
Voorlopige hoeveelheidslyste	2,5	5	7,5	17,5	62,5	5
Hoeveelheidslyste	2,5	5	7,5	35	45	5
Skedule van tariewe	2,5	5	7,5	12,5	67,5	5
Bouershoeveelhede	nvt	nvt	nvt	100	nvt	nvt
Kontrakte sonder **hoeveelheidslyste**	2,5	7,5	10	20	52,5	7,5
Kostenorme	15	15	15	20	25	10
Kostepluskontrakte	2,5	7,5	10	15	57,5	7,5
Betalingswaardasies	nvt	nvt	nvt	nvt	92,5	7,5
Hoofagentskap	nvt	nvt	nvt	15	70	15
Hoofkonsultantskap	15	15	10	15	30	15
Projekmonitering	2,5	2,5	5	15	60	15
Gehalte-inspeksie	nvt	nvt	nvt	nvt	85	15
Herhaling van prototipe	2,5	5	5	17,5	62,5	7,5
Skedule van materiale	nvt	nvt	nvt	100	nvt	nvt
Vereenvoudigde hoeveelheidslys-kontrakte:						
Voorlopige hoeveelheidslyste	2,5	7,5	10	17,5	55	7,5
Hoeveelheidslyste	2,5	7,5	10	35	37,5	7,5
Skedule van tariewe	2,5	7,5	10	12,5	60	7,5
Teikenverkryging	nvt	nvt	nvt	20	60	20

				Gedurende **Stadium 4**	Gedurende **Stadium 5**		
Veelvuldige verkrygingskontrakte (geniet voorrang bo alle ander kategorietoedelings)	2,5	5	7,5	15	20	45	5

2.8 **Gelde vir konsortiumverteenwoordiger en toedeling**

2.8.1 Die **gelde** vir die **konsortiumverteenwoordiger** sal 10 persent wees, wat nie bykomende gelde sal wees nie, maar is daardie gedeelte van die **gelde** vir **dienste** deur 'n konsortium van bourekenaars gelewer, wat aan die **konsortiumverteenwoordiger** toegeken sal word

2.8.2 Die toedeling van die **gelde** aan die onderskeie stadiums is soos in klousule 2.7 vir die toepaslike kategorie vasgestel

3.0 DIENSTE OP RISIKO

Waar **dienste op risiko** gelewer word en daar binne ’n tydperk van twee jaar na voltooiing van sodanige **dienste op risiko** met die projek voortgegaan word, sal die bourekenaar óf aangestel word op sodanige projek vir **dienste** in die betrokke kategorie van kolom 1 van klousule 2.3, 2.4 of 2.5 waarin die **dienste op risiko** gelewer was teen **gelde** in ooreenstemming met kolom 2 van klousule 2.3 en 2.4 of kolom 2 of 3 van klousule 2.5 na gelang van die geval, of indien hy nie op sodanige projek op sodanige grondslag aangestel word nie, sal hy, sonder lewering van enige verdere dienste, geregtig wees op vordering van **gelde** van 20 persent van die voormelde **gelde**

4.0 OORMATIGE WYSIGING

4.1 Indien ’n kontrak wat **hoeveelheidslyste** insluit tot so ’n mate gewysig word dat die totale waarde van **gemete werk** wat weggelaat is met die verstelling van wysigings 10 persent van die waarde van **gemete werk** in die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** oorskry, dan sal bykomende **gelde** van 50 persent van die grenskoers van toepassing op die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** op sodanige oorskryding gevorder word

4.2 Indien ’n kontrak wat voorlopige hoeveelheidslyste insluit tot so ’n mate gewysig word dat ’n afsonderlik-identifiseerbare gedeelte daarvan wat oorspronklik in die dokumentasie ingesluit is agterna weggelaat word, dan sal bykomende **gelde** van 30 persent van die grenskoers van toepassing op die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** op die beraamde waarde van sodanige werk wat weggelaat is, gevorder word

4.3 Indien die werklike konstruksietydperk, na aftrekking van enige verlenging van tyd toegestaan vir bykomende werk en na aftrekking van enige tydperk(e) van meer as 28 dae waartydens die bouterrein ontruim was, meer is as 15 persent van die aanvanklike kontraktuele konstruksietydperk, dan sal bykomende **gelde** gevorder word wat bereken sal word deur 80 persent van die **gelde** vir **Stadium 5** vir die toepaslike kategorie in kolom 1 van klousule 2.7 met die gemelde oorskrydingsgedeelte te vermenigvuldig en dit met die aanvanklike kontraktuele konstruksietydperk te deel

Die aanvanklike kontraktuele en die werklike konstruksietydperk moet geneem word as synde op dieselfde dag ’n aanvang te geneem het en alle tydperke sal in kalenderdae bereken word sonder enige aftrekking vir bouersvakansies. Die bouterrein sal as ontruim beskou word indien die aannemer geen, of baie min, werk gedurende sodanige tydperk(e) verrig het en daar geen diens gedurende daardie tydperk van die bourekenaar vereis was nie

5.0 AANSTELLINGS BEËINDIG

5.1 Indien ’n aanstelling beëindig word, sal **gelde** vir **dienste** voltooi ooreenkomstig hierdie Professionele Geldetarief bereken word en sal die **gelde** vir **dienste** gedeeltelik voltooi proporsioneel tot die volledige **dienste** bepaal word

5.2 Indien ’n aanstelling na die aanvang van **Stadium 4** beëindig word, sal benewens die **gelde** wat ooreenkomstig klousule 5.1 bereken is, ’n heffing van 10 persent gevorder word op die verskil tussen die volle **gelde** ooreenkomstig hierdie Professionele Geldetarief vir die aanstelling bereken en die **gelde** ooreenkomstig klousule 5.1 bereken; met dien verstande dat, waar ’n aanstelling binne een jaar vanaf die datum van beëindiging herstel of hervat word, sodanige heffing as gedeeltelike betaling van die **gelde** ooreenkomstig hierdie Professionele Geldetarief bereken, beskou sal word

5.3 Vir doeleindes van klousule 5.1 en 5.2 sal ’n aanstelling geag beëindig te wees indien die dienste uitgestel of opgeskort word vir ’n totale tydperk van meer as 180 kalenderdae

6.0 BUITENGEWONE KONTRAKBEPALINGS

Indien buitengewone kontrakbepalings vereis word (soos byvoorbeeld veelvuldige direkte betalings aan onderaannemers en/of verskaffers of as meer as een betalingsertifikaat per maand uitgereik moet word) wat bykomende werk vir die bourekenaar mag veroorsaak en wat nie elders in hierdie Professionele Geldetarief gedek is nie, dan sal 'n tydvordering vir sodanige bykomende werk van toepassing wees

7.0 TYDVORDERING

7.1 Waar die werk van so ’n aard is dat ander bepalings van hierdie Professionele Geldetarief nie van toepassing is nie, sal die **gelde** 'n tydvordering wees teen die volgende tariewe per uur of deel daarvan:

7.1.1 Hoofde: teen tariewe wat van tyd tot tyd deur die Suid-Afrikaanse Raad vir die Bourekenaarsprofessie vir die volgende kategorieë vasgestel word:

- hoogstens 5 jaar ondervinding
- meer as 5 jaar en hoogstens 10 jaar ondervinding
- meer as 10 jaar ondervinding
- spesialiswerk

“Ondervinding” neem ’n aanvang op ’n datum drie jaar voor die datum van registrasie as ‘n bourekenaar by die Suid-Afrikaanse Raad vir Bourekenaars

“Spesialiswerk”, buiten deskundige getuie, bemiddelaar, arbiter of skeidsregter, is spesialiswerk deur ’n bourekenaar gelewer wat oor meer as 10 jaar ondervinding asook spesialiskennis en kundigheid in die konstruksiebedryf beskik

7.1.2 Gesalarieerde personeel: 17 sent vir elke R100 van die **bruto jaarlikse vergoeding** soos van toepassing op die tydstip van dienslewering

7.2 Nieteenstaande die bepalings van klousule 7.1, sal die volgende tydvordering vir dienste hieronder gelys, gehef word:

Kategorie	Persentasie van tydvordering*
1	2
Finansiële lewensvatbaarheidstudies	100
Huurdersvereistes	100
Waardebestuur	125
Verstek deur enige van die twee partye tot 'n boukontrak	100
Geskille, litigasie of bemiddeling (hulpverlening met die beslegting van geskille, bywoning van vergaderings en bywoning van hofverrigtinge)	100
Deskundige getuie (voorbereiding, bywoning van vergaderings en bywoning van hofverrigtinge)	110 (minimum van drie uur)
Bemiddelaar (tyd bestee met die partye aan prosedurevasstelling, bywoning van die bemiddelingsverhoor, bestudering van getuienis en formulering en bekendmaking van die mening)	125 (minimum van drie uur)
Arbiter of skeidsregter (tyd bestee met die partye aan prosedurevasstelling, bywoning van die arbitrasiehofverrigtinge, bestudering van getuienis en formulering en bekendmaking van die toekenning)	125 (minimum van drie uur)

*Die tydvordering sal desnieteenstaande nie die tydvordering vir spesialiswerk, ooreenkomstig klousule 7.1.1 bepaal, oorskry nie

7.3 Nieteenstaande die bepalings van klousules 7.1 en 7.2, sal die tydvordering van nasionale en provinsiale staatsdepartemente teen die volgende tariewe per uur wees, afgerond tot die naaste rand:

7.3.1 Hoofde: 18,75 sent vir elke R100 van die totale jaarlikse vergoedingspaket verbonde aan die laagste kerf van 'n vlak 13 salarisskaal (Direkteur) in die Staatsdiens

7.3.2 Geregistreerde professionele personeel: 17,5 sent vir elke R100 van die totale jaarlikse vergoedingspaket verbonde aan die laagste kerf van 'n vlak 12 salarisskaal (Adjunkdirekteur tweede been) in die Staatsdiens

7.3.3 Gesalarieerde professionele en tegniese personeel: 16,5 sent vir elke R100 van sy/haar **bruto jaarlikse vergoeding**; met dien verstande dat hierdie uurtarief nie 16,5 sent vir elke R100 van die totale jaarlikse vergoedingspaket verbonde aan die laagste kerf van 'n vlak 11 salarisskaal (Adjunkdirekteur eerste been) in die Staatsdiens sal oorskry nie

7.3.4 Uurtariewe wat ingevolge klousule 7.3 bereken is, sal geag word bokoste en vorderings ten opsigte van klerklike personeel in te sluit, wat derhalwe nie apart vorderbaar sal wees nie

7.3.5 Tensy spesifiek andersins op skrif ooreengekom, sal vergoeding ingevolge klousule 7.3.1 vir tyd deur hoofde aan 'n projek bestee, beperk wees tot 5 persent van die totale tyd vir tydvorderingsgelde op die projek bestee. Enige oorskryding deur hoofde van die 5 persent beperking sal teen die tariewe in klousules 7.3.2 en 7.3.3 bepaal, vergoed word

7.3.6 Nieteenstaande die voorgaande, waar **dienste** van so ‘n aard is dat personeel soos beskryf in klousule 7.3.3 dit kan verrig, sal dit vergoed word teen daardie tarief en nie teen die tariewe soos in klousules 7.3.1 en 7.3.2 beskryf nie, ongeag van wie werklik die **dienste** verrig het

7.3.7 Die uurlikse tariewe bereken in terme van klousule 7.3 sal slegs aangepas word op die eerste dag van elke kalenderjaar ongeag van enige veranderings in salarisskaal gedurende die tersaaklike jaar

8.0 VERHAALBARE UITGAWES

8.1 Bykomende betaling, bo en behalwe die **gelde** betaalbaar ingevolge enige ander bepaling van hierdie Professionele Geldetarief, sal vir **verhaalbare uitgawes** gevorder word

8.2 Waar betaling op 'n tydvordering geskied, word reistyd ten volle teen die tydvorderings-tarief in klousule 7.0 bepaal, gevorder

8.3 Waar betaling anders as op 'n tydvorderingsgrondslag geskied en die kontrakperseel verder as 100km van die bourekenaar se praktykplek geleë is, word reistyd teen die tydvorderingstarief soos in klousule 7.0 bepaal, gevorder; met dien verstande dat twee uur van die tyd van elke retoerrit van die berekening uitgesluit word

9.0 BETALING

9.1 Die bourekenaar sal geregtig wees om maandelikse fakture vir **gelde**, of gedeeltelike **gelde**, en verhaling van **verhaalbare uitgawes** te lewer. Sodanige fakture sal, indien korrek en vorderbaar, binne 30 kalenderdae vanaf die ontvangs daarvan deur die kliënt betaalbaar wees

9.2 Nieteenstaande die bepalings van klousule 9.1, sal die volgende in die geval van nasionale en provinsiale staatsdepartemente geld:

9.2.1 Die bourekenaar sal slegs geregtig wees om fakture vir **Stadiums 1, 2, 3** of **4** (of ekwivalente stadiums) by die suksevolle voltooiing van elke stadium, na gelang van die geval, te lewer

9.2.2 Tussentydse fakture mag slegs gelewer word gedurende **Stadium 5**, maar nie meer dikwels as kwartaalliks nie. Die bourekenaar sal geregtig wees om tussentydse fakture vir **Stadiums 1, 2, 3** of **4** te lewer indien sodanige stadium vir meer as 30 kalenderdae deur omstandighede buite die beheer van die bourekenaar vertraag sou word

9.3 Die bourekenaar mag van sy kliënt rente vorder op alle korrekte en vorderbare fakture wat nie binne 30 kalenderdae na ontvangs daarvan deur die kliënt vereffen is nie en wel teen ’n koers van 2 persentasiepunte hoër as die rentekoers wat van tyd tot tyd van toepassing is op alle prima geldopnemers van die bank waar die bourekenaar sy bankrekening hou

10.0 OMSKRYWINGS EN VERTOLKING

10.1 **"VERBOUINGSWERK"** beteken werk wat ooreenkomstig die bepalings van "Verbouings" in die Standaardstelsel vir die Opname van Bouwerk, deur die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars gepubliseer, gedokumenteer is, of in ooreenstemming is met enige ander soortgelyke omvattende stelsel vir die opname van bouwerk, en sluit nuwe werk aan bestaande strukture in maar sluit **opknappingswerk** uit

10.2 **"TOEPASLIKE PERSENTASIE"** beteken die toepaslike persentasie in klousules 2.3 tot 2.6 uiteengesit, na gelang van die geval

10.3 **"BASIESE GELDE"** beteken die somtotaal van die gelde in kolomme 2 en 3 van klousule 2.2 uiteengesit

10.4 **"HOEVEELHEIDSLYSTE"** beteken hoeveelheidslyste, voorlopige hoeveelheidslyste of skedule van tariewe wat ooreenkomstig die Standaardstelsel vir die Opname van Bouwerk, deur die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars gepubliseer, gedokumenteer is of in ooreenstemming is met enige ander soortgelyke omvattende stelsel vir die opname van bouwerk

10.5 **"BOUERSHOEVEELHEDE"** beteken hoeveelheidslyste, voorlopige hoeveelheidslyste of skedule van tariewe wat ooreenkomstig die Handleiding vir Opname van Bouershoeveelhede, deur die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars gepubliseer, gedokumenteer is, of in ooreenstemming is met enige ander soortgelyke handleiding vir die opname van bouershoeveelhede

10.6 **"BOUWERK"** beteken bouwerk met inbegrip van meganiese en elektriese installasies in geboue

10.7 **"SIVIELE INGENIEURSWERK: KATEGORIE I"** beteken skagte, tonnels, lughawe-aanloopbane en -laaiblaaie, paaie, treinspoorlyne, sportterreine, grondwerk, gronddamme en baggerwerk

10.8 **"SIVIELE INGENIEURSWERK: KATEGORIE II"** beteken fondamentpale, hawehoofde en -kaaie, brûe en brugaansluitings, duikers, koeltorings en ander torings, reservoirs, caissons, kanale, waterleidings, riole, pypleidings, elektriese hoofleidings, opgaar- en behandelingstenks, strukturele staalwerk, graansuiers, silo's en strukture vir die huisvesting van of voetstukke vir swaar nywerheids- en openbare nutswerktuig, masjiene en toerusting soos bakoonde en walsmeule vir staalwerke, ketelhuise, reaktor- en turbineblokke en turbinesale vir elektriese kragstasies en ontrekkings- en prosesaanlegte

10.9 **"SIVIELE INGENIEURSWERK AANVULLEND TOT BOUWERK"** word tot die volgende beperk:

10.9.1 Hoofnetwerke (stormwater, riool en water) buite die bepaalde gebied van die bouperseel

10.9.2 Reservoirs

10.9.3 Paaie

10.9.4 Watertorings

10.10 **"KONSORTIUMVERTEENWOORDIGER"** beteken die praktyk/persoon as sodanig deur die kliënt of die konsortium benoem. Die konsortiumverteenwoordiger sal sodanige leierskapfunksies uitvoer soos die konsortium van tyd tot tyd mag ooreenkom, asook beheer uitoefen en as koördineerder optree, met die kliënt en ander relevante professionele konsultante skakel, alle opdragte ontvang, fakture lewer, betaling ontvang en betaling aan die konsortium fasiliteer

10.11 **"KOSTENORME"** beteken kostenorme deur die Departement van Openbare Werke voorgeskryf en dit word geïmpliseer dat die bourekenaar vanaf die aanvanklike behoeftebepaling en tydens die onderskeie stadiums, soos in klousules 10.39 tot 10.44 omskryf, betrokke is by en verslag doen aangaande die berekening van ruimte- en kosteperke vanaf gegewe akkommodasielyste, monitering en aanpassing van die koste teenoor 'n elementale kosteplan soos nodig om dit binne die voorgeskrewe perke te hou en by voltooiing van die kontrak rekonsiliasiestate ter bevestiging van voldoening aan die voorgeskrewe ruimteperke (inligting deur ander verstrek) en kosteperke voorlê

10.12 **"KOSTEPLUS"** beteken **bouwerk** of ingenieurswerk wat uitgevoer word op die grondslag dat die aannemer bestuursgelde betaal word om bokoste en wins te dek en dat sy kostes ten opsigte van arbeid, materiaal en werktuig deur die bouheer vergoed word. Die bourekenaar moet die aannemer se eise vir arbeid, materiaal en werktuig in genoegsame detail nagaan om redelike versekering te verkry dat die eise in terme van die kontrak geldig is en dat daar nie wesenlike wanvoorstelling plaasgevind het nie

10.13 **"VERHAALBARE UITGAWES"** beteken die vergoeding vir uitgawes behoorlik aangegaan vir druk- en dupliseerwerk, voorleggingsmateriaal, fotografie en soortgelyke dokumentasie, reproduksie of aankoop van dokumente, akkommodasie, reis en verblyf, internasionale telefoonoproepe en faksimilees, spesiale posstukke en koerieraflewerings en, onderhewig aan ooreenkoms met die kliënt ,enige ander uitgawes

10.14 **"ELEKTRIESE INGENIEURSWERK"** beteken elektriese installasies en instrumentasie buiten **elektriese installasies aanvullend tot bouwerk**

10.15 **"ELEKTRIESE INSTALLASIES AANVULLEND TOT BOUWERK"** is soos in klousule 10.23 omskryf

10.16 **"INGENIEURSHOEVEELHEIDSLYSTE"** beteken hoeveelheidslyste, voorlopige hoeveelheidslyste of skedule van tariewe wat met betrekking tot die volgende gedokumenteer is:

10.16.1 Siviele ingenieurswerk, wat ooreenkomstig die meetmetode soos vervat in die SANS 1200 Standaardspesifikasie vir Siviele Ingenieurskonstruksiewerk, deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde gepubliseer, gedokumenteer is of in ooreenstemming is met enige ander soortgelyke meetmetode vir siviele ingenieurswerk

10.16.2 Elektriese, meganiese of **prosesingenieurswerk**, in ooreenstemming met enige toepaslike meetmetode

10.17 **"GELDE"** beteken die vergoeding ten opsigte van **dienste** deur 'n bourekenaar in privaatpraktyk gelewer, ooreenkomstig hierdie Professionele Geldetarief bereken. Die gelde sluit **BTW** uit

10.18 **"FINANSIËLE LEWENSVATBAARHEIDSTUDIES"** beteken finansiële lewensvatbaarheidstudies en ander voorontwerpstudies waarby ekonomiese ondersoeke en waardering van 'n projek betrokke is

10.19 **"BRUTO JAARLIKSE VERGOEDING"** beteken:

10.19.1 Basiese salaris en gewaarborgde jaarlikse bonus

10.19.2 Byvoordele nie in basiese salaris ingesluit nie

10.19.3 Inkomstevoordeel vir die privaatgebruik van 'n motorvoertuig deur die werkgewer voorsien, soos van tyd tot tyd deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens vir inkomstebelastingsdoeleindes vasgestel

10.19.4 Werkgewer se bydrae tot pensioen-/voorsieningsfonds

10.19.5 Werkgewer se bydrae tot mediese hulpfonds

10.19.6 Werkgewer se bydrae tot groeplewensversekeringspremies

10.19.7 Skadeloosstellingfonds- en Werkloosheidsversekeringsfondsbydraes en enige ander statutêre bydraes of heffings

10.19.8 Alle ander kostes en voordele volgens die aanstellingsvoorwaardes maar uitsluitende enige winsdeling en oortydbetaling

10.20 **"HOEVEELHEIDSLYSTE MET LIGGINGSVERWYSINGS"** beteken hoeveelheidslyste wat deur die kliënt vereis word om in blokke, elemente, funksies of ander liggings ingedeel te wees

10.21 **"GEMETE WERK"** beteken werk gemeet vir insluiting in **hoeveelheidslyste** of 'n finale rekening en sluit die volgende uit:

10.21.1 Werk oorspronklik voorlopig gemeet, met inbegrip van begrotingstoelatings en voorlopige bedrae

10.21.2 Verstellings waarby die vervanging van materiaal sonder bykomende meetwerk betrokke is

10.21.3 Enige toepaslike kontrakprysaanpassings

10.21.4 Voorbereidsels of enige verstelling daarvan

10.21.5 Gebeurlikhede

10.22 **"MEGANIESE INGENIEURSWERK"** beteken meganiese installasies buiten **meganiese installasies aanvullend tot bouwerk**

10.23 **"MEGANIESE EN ELEKTRIESE INSTALLASIES AANVULLEND TOT BOUWERK"** word tot die volgende beperk:

10.23.1 Lugversorging en meganiese ventilasie

10.23.2 Stoomketeltoerusting

10.23.3 Vervoerstelsels

10.23.4 Elektriese en elektroniese installasies

10.23.5 Gas- en druklugstelsels

10.23.6 Verbrander- en saamperseenhede

10.23.7 Wasserytoerusting

10.23.8 Hysbakke, hysertoestelle en roltrappe

10.23.9 Pomptoerusting

10.23.10 Verkoelingsinstallasies

10.23.11 Spesialisbrandopsporings- en brandvoorkomingsinstallasies met inbegrip van sprinkelblusinstallasies

10.23.12 Stoominstallasies

10.23.13 X-straal- en sterilisasietoerusting

10.24 **"VEELVULDIGE VERKRYGINGSKONTRAKTE"** beteken **bouwerk** of ingenieurswerk waar aparte dokumentasie en verwante dienste benodig word vir werk wat by wyse van ten minste 10 onderkontrakte uitgevoer word en waar 'n hoofaannemer aangestel is, of wat by wyse van ten minste 10 direkte kontrakte uitgevoer word, waar geen hoofaannemer aangestel is nie en waar die finale waarde van sodanige onderkontrakte of direkte kontrakte, soos die geval mag wees, met inbegrip van enige aanpassingsbedrag ingevolge enige toepaslike kontrakprysaanpassingsbepaling 40 persent van die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** oorskry. Let daarop dat die proporsionele waarde van die hoofaannemer se voorbereidsels nie by die waarde van die onderkontrakte bygevoeg moet word wanneer die voorgaande 40 persent bereken word nie

10.25 **"BETALINGSWAARDASIES"** beteken die maak van 'n opname van 'n kontrak wat aan die gang is, afneem van besonderhede en die opstel van waardasies vir doeleindes van die uitreiking van tussentydse betalingsertifikate van 'n kontrak waarvan die bourekenaar nie verkrygingsdokumentasie opgestel het nie

10.26 **"HOOFAGENTSKAP"** beteken die administrasie van 'n konstruksiekontrak namens die kliënt vir **Stadium 5** en **Stadium 6** wat, onder andere, die volgende insluit:

10.26.1 Reëlings tref vir en bywoning van vergaderings met inbegrip van die neem van notules

10.26.2 Bestuur van die voorbereiding van kontrakdokumente vir ondertekening en toesien dat kontrakdokumente in veilige bewaring gehou word

10.26.3 Vasstelling of alle versekering, waarborge, ens bewerkstellig is

10.26.4 Reëlings vir die oorhandiging van die perseel en uitwys van perseelpenne, grensbakens en hoogtemerkte aan die aannemer

10.26.5 Benoeming en seleksie van onderaannemers ooreenkomstig die konstruksie-ooreenkoms

10.26.6 In ontvangsneming en aandag gee aan kennisgewings wat ooreenkomstig die konstruksie-ooreenkoms bestel word

10.26.7 Uitreiking van instruksies, betalingsertifikate, finansiële state en sertifikate van voltooiing, wat deur andere voorberei is en kennisgewing aan belanghebbendes met betrekking tot die stand van hulle betrokkenheid

10.26.8 Uitsluitsel oor oor enige verlenging van die konstruksietydperk en boetes

10.26.9 Beslegting van geskille, buiten dié wat na bemiddeling, arbitrasie of litigasie verwys moet word

10.27 **"HOOFAGENT"** beteken die entiteit wat deur die kliënt aangestel is om die ooreenkoms aangegaan tussen die werkgewer en die aannemer te bestuur en te administreer vir die uitvoering van die projek of gedeelte daarvan

10.28 **"HOOFKONSULTANTSKAP"** beteken die bestuur en administrasie van al die professionele konsultante van **Stadium 1** tot **Stadium 6** wat, onder andere, die volgende insluit:

10.28.1 Reëlings tref vir, optree as voorsitter en neem van notules van ter saaklike vergaderings

10.28.2 Hulpverlening aan die kliënt met die verkryging van die dienste van ander professionele konsultante met inbegrip van die omskrywing van hulle funksies en verantwoordelikhede

10.28.3 Raadgewing aan die kliënt insake die vereiste om 'n beroepsveilgheid- en gesondheidskonsultant aan te stel

10.28.4 Voorbereiding, koördinering, periodieke opdatering van tyd tot tyd soos nodig en monitering van die professionele konsultante se dokumentasieprogram

10.28.5 Toesien dat daar ooreenkoms ten opsigte van die formaat en prosedure vir kostebeheer en verslaglewering deur die professionele konsultante bereik word

10.28.6 Fasilitering van die goedkeuring van die ontwerp en lewensvatbaarheid van die projek deur die kliënt

10.28.7 Fasilitering van tydige tegniese koördinasie van bou- of ingenieursdienste, soos die geval mag wees

10.28.8 Bestuur, koördinasie en bespoediging van die voorbereiding van die soos-geboutekeninge deur die ontwerpkonsultante

10.28.9 Bestuur en bespoediging van die verkryging van bedryfs- en onderhouds-handleidings sowel as waarborge en garansies

10.29 **"HOOFKONSULTANT"** beteken die entiteit wat deur die kliënt aangestel is om die dienste van al die professionele konsultante te bestuur en te administreer

10.30 **"PROSESINGENIEURSWERK"** beteken prosespypwerk, vloeibeheerstelsels en toe-rusting wat met prosesaanlegte verband hou

10.31 **"PROJEKMONITERING"** beteken die uitvoering van 'n waarnemingsopdrag en finan-siële monitering van die projek namens die kliënt en sluit, onder andere, die volgende in:

10.31.1 In ontvangsneming van aanstelling/opdrag van die kliënt ten einde sy vereistes vas te stel en raadgewing met betrekking tot onderskeie optredes en prosedures ten einde aan die besondere vereistes van die projek te kan voldoen

10.31.2 Lewering van kommentaar oor beramings van projekkoste en finansiële lewensvatbaarheidstudies deur ander voorberei en verskaffing van sodanige ander kosteadvies soos redelikerwys verlang mag word

10.31.3 Lewering van kommentaar oor geldevoorstelle deur die professionele konsultante voorgelê

10.31.4 Lewering van kommentaar oor verkrygingsprosedures en dokumentasie voor die aanvra van tenders of aanknoop van onderhandelings

10.31.5 Lewering van kommentaar oor tenderverslae en -aanbevelings

10.31.6 Lewering van kommentaar oor kontrakdokumentasie, met inbegrip van gepryste **hoeveelheidslyste** waar van toepassing, voor die ondertekening van die kontrak

10.31.7 Lewering van kommentaar oor onderkontrakverkrygingsprosedures en -dokumentasie voor die inwinning van tenders of die aanknoop van onderhandelings

10.31.8 Lewering van kommentaar oor tenderverslae en aanbevelings vir onderkontrakte

10.31.9 Lewering van kommentaar oor finansiële verslae en kontantvloeiskedules

10.31.10 Raadgewing aan die kliënt insake tussentydse en finale betalingsertifikate voor die uitreiking daarvan

10.31.11 Bywoning van finansiële en bestuursvergaderings

10.31.12 Lewering van kommentaar oor die finansiële en kontraktuele aspekte van eise tussen kliënt en aannemer, buiten dié wat na bemiddeling, arbitrasie of litigasie verwys moet word

10.31.13 Raadgewing aan die kliënt insake die aanvaarbaarheid van die finale rekening

10.32 **"GEHALTE-INSPEKSIE"** beteken die inspeksie van die werk met tussenposes, soos wat as toepaslik geag word, ten einde te bepaal of die werk oor die algemeen ooreenkomstig die tekeninge en spesifikasies uitgevoer word en daaroor verslag te doen. Gehalte-inspeksie sluit spesifiek nie die inspeksie van meganiese en elektriese installasies, strukturele werk en ander spesialisinstallasies of –werk, waarvoor inspeksies deur spesialiskonsultante uitgevoer word, in nie

Gehalte-inspeksie waarborg nie die aannemer se prestasie nie en gehalte-inspeksie bring ook nie 'n kontraktuele verbintenis met die aannemer tot stand nie

10.33 **"OPKNAPPINGSWERK"** beteken werk in verband met die opknapping van bestaande geboue soos skoonmaak-, skilder- en muurplakwerk en sluit aanverwante voorbereidingswerk in, maar sluit **verbouingswerk** uit

10.34 **"HERHALING"** beteken die herhaling van 'n individuele afsonderlike gebou of struktuur binne 'n kontrak of van 'n vorige kontrak en is slegs van toepassing wanneer die totale hoeveelhede in alle ambagte of die totale koste van die prototipe geredelik in die verkrygingsdokumentasie met die getal individuele afsonderlike geboue of strukture vermenigvuldig kan word; die bedoeling synde dat geringe verskille en werk voorlopig gemeet, waar nodig, in die finale rekening verstel sal word

Individuele onderskeibare geboue of strukture, selfs al is hulle nie losstaande nie, maar wat op ’n gemeenskaplike podium of aparte substruktuur mag voorkom, sal as herhaling beskou word

10.35 **“OMVANG VAN WERK”** beteken die gedeelte van die werk ten opsigte waarvan van die bourekenaar verwag word om **dienste** te lewer en wat, tensy spesifiek andersins ooreengekom, die werk gelys in klousule 7.2 en die werk in die **waarde vir geldeberekeningsdoeleindes** aangetoon as uitsluitings, sal uitsluit

10.36 **“DIENSTE”** beteken die pligte en verantwoordelikhede van die bourekenaar met die verskaffing van professionele bourekenaarsdienste

10.37 **“DIENSTE OP RISIKO”** beteken **dienste** gelewer op die grondslag dat, onderhewig aan klousule 3.0, geen **gelde** vir sodanige **dienste** gevorder sal word nie tensy daar met die projek voortgegaan word

10.38 **“VEREENVOUDIGDE HOEVEELHEIDSLYSTE”** beteken **hoeveelheidslyste**, voorlopige hoeveelheidslyste of skedule van tariewe wat ooreenkomstig die Standaardstelsel vir die Opname van Klein of Eenvoudige Geboue, deur die Vereniging van Suid-Afrikaanse Bourekenaars gepubliseer, of in ooreenstemming met enige ander soortgelyke vereenvoudigde stelsel vir die opname van bouwerk gedokumenteer is

10.39 **“STADIUM 1”** beteken die aanvangstadium, waartydens die kliënt se vereistes en voorkeure bepaal word, die gebruiker se behoeftes en opsies vasgestel word, die nodige konsultante aangestel word, die projekopdrag met inbegrip van die projekdoelstellings, -prioriteite, -beperkings, -aannames, -vooruitsigte en -strategieë van die projek vasgemaak word, waarvoor die **dienste** gelys in kolomme 2 tot 4 en 7 van klousule 2.3 en kolomme 2, 3 en 5 van klousule 2.4 in breë trekke die volgende **dienste** behels:

10.39.1 Hulpverlening met die ontwikkeling van 'n duidelike projekopdrag

10.39.2 Bywoning van projekaanvangvergaderings

10.39.3 Raadgewing aangaande die verkrygingsbeleid vir die projek

10.39.4 Raadgewing aangaande ander professionele konsultante en dienste wat benodig word

10.39.5 Omskrywing van die bourekenaar se **omvang van werk** en **dienste**

10.39.6 Afhandeling van die voorwaardes van die kliënt/bourekenaar professionele dienste-ooreenkoms met die kliënt

10.39.7 Raadgewing aangaande ekonomiese faktore wat die projek beïnvloed

10.39.8 Raadgewing aangaande toepaslike finansiële ontwerpkriteria

10.39.9 Verskaffing van die nodige inligting, binne die ooreengekome omvang van die projek, aan die ander professionele konsultante

en waarvoor die volgende aflewerbare stukke van toepassing is:

10.39.10 Ooreengekome **omvang van werk**

10.39.11 Ooreengekome **dienste**

10.39.12 Ondertekende kliënt/bourekenaar professionele dienste-ooreenkoms

10.40 **"STADIUM 2"** beteken die konsep- en lewensvatbaarheidstadium, waartydens die projekkonsep voorberei en finaliseer word in ooreenstemming met die opdrag met inbegrip van die omvang, skaal, karakter, vorm, funksie en voorlopige program asook die lewensvatbaarheid van die projek, waarvoor die **dienste** gelys in kolomme 2 tot 4 en 7 van klousule 2.3 en kolomme 2, 3 en 5 van klousule 2.4 in breë trekke die volgende **dienste** behels:

10.40.1 Bereiking van ooreenkoms met die **hoofkonsultant** en ander professionele konsultante ten opsigte van die dokumentasieprogram

10.40.2 Bywoning van ontwerp- en konsultantevergaderings

10.40.3 Hersiening en evaluering van die konsepsuele ontwerpe en raadgewing aangaande die lewensvatbaarheid daarvan in samewerking met die ander professionele konsultante

10.40.4 In ontvangsneming van die tersaaklike data en kosteramings voorsien deur die ander professionele konsultante

10.40.5 Opstelling van voorlopige en elementale of soortgelyke beramings van die konstruksiekoste

10.40.6 Hulpverlening aan die kliënt met die opstel van 'n finansiële lewensvatbaarheidsverslag

10.40.7 Verifiëring van ruimtetoekennings teenoor die oorspronklike opdrag

10.40.8 Oorlegpleging, samewerking en verskaffing van nodige inligting aan die kliënt, **hoofkonsultant** en ander professionele konsultante

en waarvoor die volgende aflewerbare stukke van toepassing is:

10.40.9 Voorlopige beraming(s) van konstruksiekoste

10.40.10 Elementale of soortgelyke beraming(s) van konstruksiekoste

10.40.11 Nagesiende ruimtetoekennings vir die projek

10.41 **"STADIUM 3"** beteken die ontwerpontwikkelingstadium, waartydens die goedgekeurde konsep ontwikkel word om die ontwerp, spesifikasies, kosteplan, finansiële lewensvatbaarheid en program vir die projek te finaliseer, waarvoor die **dienste** gelys in kolomme 2 tot 4 en 7 van klousule 2.3 en kolomme 2, 3 en 5 van klousule 2.4 in breë trekke die volgende **dienste** behels:

10.41.1 Hersiening van die dokumentasieprogram in samewerking met die **hoofkonsultant** en ander professionele konsultante

10.41.2 Bywoning van ontwerp- en konsultantevergaderings

10.41.3 Hersiening en evaluering van die ontwerp en konsepspesifikasies en die uitoefening van kostebeheer in samewerking met die ander professionele konsultante

10.41.4 In ontvangsneming van die tersaaklike data en kosteramings van die ander professionele konsultante

10.41.5 Opstelling van gedetailleerde beramings van konstruksiekoste

10.41.6 Hulpverlening aan die kliënt met die hersiening van die finansiële lewensvatbaarheidsverslag

10.41.7 Lewering van kommentaar op die ruimte- en akkommodasietoelatings en opstelling van 'n oppervlakteskedule

10.41.8 Oorlegpleging, samewerking en verskaffing van die nodige inligting aan die kliënt, **hoofkonsultant** en ander professionele konsultante

en waarvoor die volgende aflewerbare stukke van toepassing is:

10.41.9 Gedetailleerde beraming(s) van konstuksiekoste

10.41.10 Skedule van oppervlaktes

10.42 **"STADIUM 4"** beteken die dokumentasie- en verkrygingstadium, waartydens die konstruksie- en verkrygingsdokumente opgestel word, die verkrygingstrategieë en prosedures vir effektiewe en tydige verkryging van die nodige hulpbronne vir die uitvoering van die projek bevestig en geïmplementeer word, waarvoor die **dienste** gelys in kolomme 2 tot 4 en 7 van klousule 2.3 en kolomme 2, 3 en 5 van klousule 2.4 in breë trekke die volgende **dienste** behels:

10.42.1 Bywoning van ontwerp- en konsultantevergaderings

10.42.2 Hulpverlening aan die **hoofkonsultant** met die formulering van die verkryging-strategie vir aannemers, onderaannemers en verskaffers

10.42.3 Hersiening van werkstekeninge met die oog op voldoening aan die goedgekeurde begroting van konstruksiekoste en/of finansiële lewensvatbaar-heid

10.42.4 Opstelling van dokumentasie vir beide hoof- en onderaannemerverkryging

10.42.5 Hulpverlening aan die **hoofkonsultant** met die aanvra van tenders en/of onderhandeling van pryse

10.42.6 Hulpverlening met die finansiële beoordeling van tenders

10.42.7 Hulpverlening met die voorbereiding van kontrakdokumentasie vir ondertekening

en waarvoor die volgende aflewerbare stukke van toepassing is:

10.42.8 Begroting van konstruksiekoste

10.42.9 Tenderdokumentasie

10.42.10 Finansiële beoordeling van tenders

10.42.11 Geprysde kontrakdokumentasie

10.43 **"STADIUM 5"** beteken die konstruksiestadium, waartydens die konstruksiekontrakte en -prosesse bestuur, administreer en gemonitor word, met inbegrip van die opstelling en koördinasie van prosedures en dokumentasie om die wesenlike voltooiing van die werk te vergemaklik, waarvoor die **dienste** gelys in kolomme 2 tot 4 en 7 van klousule 2.3 en kolomme 2, 3 en 5 van klousule 2.4 in breë trekke die volgende **dienste** behels:

10.43.1 Bywoning van die terreinoorhandiging

10.43.2 Opstelling van skedules van verwagte kontantvloei

10.43.3 Opstelling op 'n pro-aktiewe grondslag van beramings van voorgestelde wysigings vir doeleindes van besluitneming deur die kliënt

10.43.4 Bywoning van gereelde terrein-, tegniese- en vorderingsvergaderings

10.43.5 Beoordeling en beslissing van finansiële eise deur die aannemer(s)

10.43.6 Hulpverlening met die oplossing van kontraktuele eise deur die aannemer(s)

10.43.7 Vestiging en instandhouding van 'n finansiële beheerstelsel

10.43.8 Opstelling van waardasies vir die uitreiking van betalingsertifikate deur die **hoofagent**

10.43.9 Opstelling op 'n voortgaande grondslag van finale rekening(s) vir die werk

en waarvoor die volgende aflewerbare stukke van toepassing is:

10.43.10 Skedule(s) van verwagte kontantvloei

10.43.11 Beramings van voorgestelde wysigings

10.43.12 Finansiële beheerverslae

10.43.13 Waardasies vir betalingsertifikate

10.43.14 Voortgaande en konsep finale rekening(s)

10.44 **"STADIUM 6"** beteken die afhandelingstadium, waartydens die afhandeling van die projek volvoer en voltooi word met inbegrip van die opstelling van die nodige dokumentasie om doelmatige voltooing, oorhandiging en inwerkingstelling van die projek te vergemaklik, waarvoor die **dienste** gelys in kolomme 2 tot 4 en 7 van klousule 2.3 en kolomme 2, 3 en 5 van klousule 2.4 in breë trekke die volgende **dienste** behels:

10.44.1 Opstelling van waardasies vir die uitreiking van betalingsertifikate deur die **hoofagent**

10.44.2 Afhandeling van finale rekening(s)

en waarvoor die volgende aflewerbare stukke van toepassing is:

10.44.3 Waardasies vir betalingsertifikate

10.44.4 Finale rekening(s)

10.45 **"TEIKENVERKRYGING"** beteken die inlywing van deelname van geteikende ondernemings in 'n kontrak, die vasstelling van deelnemingsteikens vir die kontrak, die meet van sleuteldeelnemingsaanwysers om in die beoordeling van tenders en die oudit van nakoming met die getenderde deelnemingsteikens gedurende die uitvoering van die kontrak gebruik te word, alles in ooreenstemming met die bepalings van die kliënt se geteikende verkrygingsdokumentasie

10.46 **"HUURDERSVEREISTES"** beteken die evaluering van huurdersvereistes wat aparte verrekeninge vir elke huurder behels

10.47 **"WAARDE VIR GELDEBEREKENINGSDOELEINDES"** beteken die finale waarde van die kontrak, of 'n billike beraming indien geen finale waarde beskikbaar is nie, waarby klousules 10.47.1 tot 10.47.5 ingesluit sal word:

10.47.1 Behoudens klousule 10.47.9, alle arbeid en materiaal, ongeag of dit gratis verskaf is, al dan nie, met dien verstande dat waar materiaal gratis verskaf word en die waarde van sodanige materiaal onbekend is, of nie openbaar gemaak word nie, sodanige waarde teen heersende marktariewe op datum van tender beraam sal word

10.47.2 Enige krediet vir materiale afkomstig van die bestaande strukture wat die eiendom van die aannemer word, welke kredietbedrag as 'n byvoeging en nie as 'n aftrekking nie, behandel sal word

10.47.3 Die waarde van alle spesialisdienste en -installasies wat 'n integrale deel van die kontrak uitmaak, met inbegrip van dienste wat deur voorlopige bedrae vir onderkontrakte en/of kosprysbedrae gedek word

10.47.4 Enige aanpassingsbedrag ingevolge enige toepaslike kontrakprysaanpassings-bepaling wanneer dit vir betaling aan die aannemer gesertifiseer is

10.47.5 Behoudens klousule 10.47.6, belastings en aksyns

en waarby klousules 10.47.6 tot 10.47.10 van die finale waarde van die kontrak uitgesluit word:

10.47.6 **BTW**

10.47.7 Enige bedrag wat vir gebeurlikhede toegewys is

10.47.8 Die waarde van werk, normaalweg buite die omvang van die werk deur die aannemer uitgevoer en van die kontrak uitgesluit, ten opsigte waarvan daar nie van die bourekenaar vereis word om 'n diens te verrig nie

10.47.9 Alle verskaffingskostes in ingenieurskontrakte vir groter items van permanente werktuig, toerusting en masjinerie

10.47.10 Ten opsigte van **bouwerk**, die finale waarde van enige **meganiese en elektriese installasies aanvullend tot bouwerk** en van enige **siviele ingenieurswerk aanvullend tot bouwerk** ten opsigte waarvan daar van die bourekenaar vereis word om slegs 'n mindere diens of geen diens te verrig nie buiten die insluiting in die betrokke dokumentasie van inligting deur andere verskaf, welke finale waarde ook enige bedrae voortspruitend uit kontrakprysaanpassingsbepalings moet insluit, maar enige bedrae vir wins en bystand aan die hoofaannemer en enige toedeling van die waarde van voorbereidsels moet uitsluit

10.48 **"WAARDEBESTUUR"** beteken die fasilitering van 'n sistematiese multi-dissiplinêre skeppende proses om alternatiewes daar te stel met die oogmerk om die funksionele en ekonomiese waarde van 'n projek te optimaliseer en, in die geval van 'n kommersiële ontwikkeling, die opbrengs op die belegging te verhoog

10.49 **"BTW"** beteken Belasting op Toegevoegde Waarde ooreenkomstig die Belasting op Toegevoegde Waarde Wet, 1991 (Wet 89 van 1991)

Hierdie bladsy maak nie deel van die 2009 Professionel Geldetarief uit nie

SKEDULE VAN WYSIGINGS AAN VORIGE UITGAWES
SEDERT PUBLIKASIE VAN DIE 2001 GELDETARIEF

Geldetarief	Item	Klousule verander	Hersiening
2003 Geldetarief	Basiese gelde	2.2	gewysig
	Tydvordering	8.1.2	gewysig
2005 Geldetarief	Tydvordering	8.3	gewysig
2007 Geldetarief	Toepaslike persentasie vir bouwerk	2.3	gewysig
	Toedeling van gelde aan dienste	2.7	gewysig
	Tydvordering	8.3.5	gewysig
	Omskrywings: Veelvuldige verkrygingskontrakte	11.26	gewysig
	Omskrywings: Diens B	11.37.1	gewysig
2009 Geldetarief	Basiese gelde	2.2	gewysig
	Toepaslike persentasie vir bouwerk	2.3	gewysig
	Toepaslike persentasie vir ingenieurswerk	2.4	gewysig
	Toepaslike persentasie vir bestuursdienste	2.5	gewysig
	Toepaslike persentasie vir aanvullende dienste	2.6	gewysig
	Toedeling van gelde aan stadiums	2.7	gewysig
	Bekostigbare behuising	was 3	weggelaat
	Klousules 4 tot 11	4 tot 10	hernommer
	Oormatige wysiging	was 5.3 nou 4.3	gewysig
	Verhaalbare uitgawes	was 9 & 9.1 nou 8 & 8.1	gewysig
	Betaling	was 10 nou 9	gewysig
	Omskrywings en vertolking	was 11 nou 10	gewysig en hernommer

Inkonsekwente bewoording en tipografiese korreksies is nie gelys nie

Die Engelse weergawe van die 2009 Professionele Gedetarief is deur die Raad goedgekeur en gepubliseer in Staatskoerant No. 31657 van 5 Desember 2008.